



**HOËR JONGENSKOOL  
PAARL**


# **KOSHUIS PROSPEKTUS**

**Don't limit your challenges,  
Challenge your limits!**

**2021**

Alhoewel elke nuwe lewensfase 'n leerproses in die lewens van HJS-leerders (en oudleerders) is, is dit inderdaad 'n gegewe dat die jare van koshuisbewoning 'n onuitwisbare en integrale deel vorm van elke koshuisbewoner se beleving van die essensiële wese van Hoër Jongenskool Paarl. Koshuise van hierdie instelling het oor baie jare ontwikkel as bakermat in die ontwikkeling van bewoners se persoonlikhede. As sodanig het dit 'n integrale rol gespeel in die vorming van seuns as selfgeldende, verantwoordelike individue – 'n tradisie wat vandag steeds geldig is.

## **KOSHUISVADERS**



KOSHUIS	KOSHUISVADER	KONTAKNOMMER	E-POS
Bellevue	Frans Cloete	082 436 4740	fcloete@paarlboyshigh.org.za
Imhoff Senior	Marius Theron	072 826 1638	mtheron@paarlboyshigh.org.za
Imhoff Junior	Jacques Louw	072 374 2679	<a href="mailto:jlouw@paarlboyshigh.org.za">jlouw@paarlboyshigh.org.za</a>
Monte Bello	Brett Tesselaar	073 151 8793	btesselaar@paarlboyshigh.org.za
Werda	Arno Blom	082 419 2115	ablom@paarlboyshigh.org.za

**GEEN LEERDER WORD GEDURENDE DIE SKOOLDAG IN DIE KOSHUIS TOEGELAAT NIE, BEHALWE MET SKRIFTELIKE TOESTEMMING VAN DIE SKOOLHOOF OF KOSHUISVADER**

## DAGPROGRAM

WEEKSDAE	TYD	AKTIWITEIT
	06:20	Wakker word en opstaan.
	06:40	Aangetrek, beddens opgemaak, drommetjies uitgegooi, kamer netjies. Rapporteer by koshuisvader indien siek.
	06:45	Stiltetyd. Sit op jou bed ten volle geklee met die kamerdeur oop.
	06:50	Ontbyt
	07:35	Beweeg skool toe
	17:35	Aandete
	18:55	Waarskuwingsklok
	19:00	Studie
	20:10	Pouse
	20:25	Waarskuwingsklok
	20:30	Studie
	21:20	Studie eindig
	21:45	Waarskuwingsklok
	21:50	Stilte
	22:00	Ligte uit
23:00	Laat studie	

SATERDAG	TYD	AKTIWITEIT
		Opstaan en ontbyt soos die vorige aand gereël.
	12:30	Middagete (tensy anders gereël)
	17:30	Aandete (tensy anders gereël)
	21:00	Almal teenwoordig in die koshuis
	22:50	Stiltetyd
	23:00	Ligte uit

SONDAG	TYD	AKTIWITEIT
	07:30	Opstaan
	08:00	Ontbyt
	09:00	Kerkbywoning volgens reëlins wat met toesighouer tydens ontbyt getref is.
	12:30	Middagete
	13:00	Rustyd
	17:30	Aandete
	20:00	Alle inwoners terug in die koshuis
	21:45	Waarskuwingsklok
	21:50	Stiltetyd
	22:00	Ligte uit (reël met die koshuisvader indien 'n film later klaarmaak)

# **GEDRAGSKODE**

## **1. Algemeen**

In 'n koshuisgemeenskap is 'n gedragskode noodsaaklik om die opvoedkundige doelstellings van die koshuis te bereik. Orde, dissipline en respek vir elke individu vorm die grondslag vir sukses in 'n gelukkige koshuisgemeenskap. Christelike beginsels dien as grondslag vir die Gedragskode.

Hierdie Gedragskode erken die volgende:

- die toepaslike onderwyswette;
- die Handves van Menseregte soos gevind in hoofstuk 2 van die SA Grondwet;
- die Gedragskode vir Personeel soos gevind in die Gedragskode van HJS Paarl.

## **2. Doelstelling**

- Om aan elke leerder die volle geleentheid te gee vir optimale verwerking van vermoëns en talente op alle Christelik opvoedkundige terreine waarop die koshuis hom mag begeef.
- Om aan elke leerder die geleentheid te gee om hom maksimaal voor te berei vir die volwasse lewe en om 'n meelewende rol te speel.
- Om aan elke leerder as individu met sy eie besondere eienskappe en behoeftes, sekuriteit en geborgenheid te bied as deel van die koshuisgemeenskap.
- Om leerders te leer om vir mekaar om te gee en mekaar se belange op die hart te dra in 'n gees van samewerking, ondersteuning en wedersydse respek.
- Om as koshuis en ouers in vennootskap die beste vir die kind aan te bied deur effektiewe kommunikasie.

## **3. Algemene Prosedure**

### *3.1 Voogstelsel – gedesentraliseerd*

Om die bogenoemde doelstellings te bereik is 'n gedesentraliseerde voogstelsel noodsaaklik. Die span bestaan uit die volgende fasette:

- Hoof (oorhoofse beheer)
- Koshuisvaders
- Diensdoenende onderwysers
- Onderwyspersoneel
- Ouers skakel met die koshuis in dié volgorde: diensdoenende onderwyser, koshuisvader, skoolhoof.

### 3.2 *Koshuisprefekte*

- Hierdie demokraties verkose raad is bemaagtig om leiding te neem onder leerders t.o.v. die uitlewing van die gedragskode.
- Geen dissiplinêre stappe mag deur die raad self toegepas word nie, maar wel die identifisering van die probleme en die aanmelding daarvan.

## ***KOSHUISREËLS***

Koshuisreëls is noodsaaklik vir die handhawing van goeie dissipline en orde. Die gedrag van die ware heer moet te alle tye onbesproke wees. By HJS betoon ons altyd die grootste respek teenoor personeel, seniors en mede klasmaats/leerders. Ons koshuisreëls is daarop gemik om HJS se drie tradisies van goeie gedrag, goeie leerlingskap en goeie sportnskap te ondersteun.

Aangesien effektiewe werking van 'n koshuis berus op dissipline, samewerking en spangees, is dit vanselfsprekend dat reëls streng toegepas sal word. Ouers word vriendelike versoek om hul volle samewerking te gee in dié verband. Dit sal waardeur word indien ouers die koshuisvaders sal ondersteun deur:

- alle klere-items duidelik te merk;
- kosgangers te voorsien van die korrekte skooluniform;
- toe te sien dat kosgangers betyds by die koshuis arriveer op Sondag/Maandagoggende, na 'n tuisnaweek en vakansies en dat hulle dan korrek geklee is;
- nie versoeke te rig wat teenstrydig is met die koshuisreëls nie.

Ouers is welkom om probleme met die onderskeie koshuisvaders te bespreek.

### **1. Koshuiseiendom**

- Koshuiseiendom moet versorg word asof dit aan jou behoort en mag onder geen omstandighede verwyder word van waar dit hoort nie.
- Elke inwoner word verantwoordelik gehou vir sy bed, matras en kas.
- Enige skade aan meubels of die gebou moet dadelik aan die koshuisvader gerapporteer word en daar sal van die verantwoordelike inwoner verwag word om dit te herstel of vervang.
- Die koshuisgronde en –gebou moet te alle tye in 'n netjiese toestand gehou word, veral die badkamers, slaapkamers, studiesaal en TV-kamer.
- Versierings en plakkate mag slegs in kamers aangebring word met die toestemming van die koshuisvader. Geen van die voorgenoemde sal in die gange toegelaat word nie.
- **Vandalisme – in enige vorm (insluitende aan brandblussers) – sal streng bestraf word en mag tot uitsetting van die inwoner lei.**

## 2. Persoonlike eiendom

- Koshuispersoneel aanvaar geen verantwoordelikheid vir enige inwoner se eiendom wat beskadig of verlore raak nie. Sluit waardevolle items toe in 'n kas. Dit word aanbeveel dat sleutels op die persoon gehou word.
- Alle kaste moet gesluit gehou word. Oorhandig die duplikaatsleutel, met die kosganger se naam daaraan geheg, aan die koshuisvader of die verantwoordelike prefek vir veilige bewaring.
- Die aanhou van radio's is 'n vergunning wat ontnem kan word indien dit so gebruik word dat dit vir 'n ander 'n steurnis is. Sluit radio's in kaste toe wanneer dit nie gebruik word nie.
- Yskaste mag in kamers gehou word, onderworpe aan 'n huur soos bepaal deur die SBL.
- Hou kontant op jou persoon of gee dit vir die koshuisvader om weg te sluit.
- Klein rekenaarsentra en klein toesluitkluisies vir kontant en kleiner items soos selfone, ens. is in elke koshuiskamer beskikbaar teen 'n minimale huur.
- Die aanhou van enige ander elektriese toebehore is onderworpe aan die goedkeuring van die koshuisvader. Geen elektriese ketels, verwarmers, waaiers, of broodroosters mag in die kamers aangehou word nie. Leerders mag met die nodige verlof van die koshuisvader wel 'n rekenaar hê, maar alleenlik nadat hul ouers skriftelik daarvoor aansoek gedoen het. Sodanige rekenaars mag alleenlik vir die doel van studie gebruik word. Onder geen omstandighede mag dit vir enige ander doel gebruik word nie. Geen ander leerder mag die rekenaar op enige wyse sonder die verlof van die koshuisvader gebruik nie.

## 3. Inspeksies

- Beddens moet netjies opgemaak word voor ontbyt so bly deur die loop van die dag. Terwyl inwoners sport bywoon in die middag moet kamers netjies gelaat word.
- Sporttoerusting moet netjies gestoor word in kaste of in stoorspasie soos verskaf.
- Die studiesaal moet te alle tye in 'n netjiese toestand gehou word.
- Gereelde kamerinspeksies sal gedoen word deur koshuisvaders, proefstudente en prefekte.
- Geen meubels mag rondgeskuif word sonder die toestemming van die koshuisvader nie.
- Badkamers en toilette moes skoon gehou word en enige foutiewe funksionering moet dadelik aan die prefekte gerapporteer word. Droog *behoorlik* af voor jy die stortarea verlaat.
- Inwoners moet badkamers op gereelde intervalle mop, soos met die koshuisvader gereël.

#### 4. Reëlins rakende maaltye

- Inwoners moet netjies geklee wees vir etes. Geen kaalvoete, frokkies of T-hemde met afgesnyde moue word toegelaat nie. Vuil en sweterige sportklere moet met 'n sweetpak bedek word.
- Inwoners moenie laat opdaag vir etes of etes mis sonder toestemming van die koshuisvader of die diensdoenende personeellid nie.
- Geen inwoner mag die eetsaal sonder toestemming verlaat voor die tafelgebed nie.
- Goeie tafelmaniere word verwag van alle inwoners. Die prefek of tafelhoof aan diens sal die voorbeeld stel. Indien enige inwoner afwesig is, moet die tafelhoof dit aanmeld by die koshuisvader of die diensdoenende personeellid.
- Raserigheid in die eetsaal sal nie geduld word nie.
- Inwoners wat nie etes oor naweke neem nie, moet aandui watter etes hulle gaan mis op die uittekenlys wat op Woensdagaande gesirkuleer word. Daar word dus van ouers verwag om inwoners voor Woensdag rakende naweek aktiwiteite in te lig.
- Inwoners wat vroeër of later wil eet as die normale tye moet BETYDS die nodige reëlins met die matrone in die kombuis tref. Dit geld egter slegs ten opsigte van skoolverwante aktiwiteite. Inwoners mag nie vir ekstra klasse, spesiale sportoefeninge of enige private redes van etes afwesig wees nie.
- Enige veranderinge in naweek reëlins moet met behulp van die Maaltyd Afwesigheidsvorme gedoen word, wat by die koshuisvaders beskikbaar is.
- Leerders mag nie tydens maaltye die kombuisarea betree nie.
- Indien ouers besoek aflê tydens maaltye, moet hulle wag tot die maaltyd verby is.

#### 5. Uitteken

- Dit word van alle kosgangers verwag om in die uittekenboek aan te dui waarheen hulle gaan wanneer hulle die koshuis verlaat.
- Indien kosgangers die koshuis vir die naweek verlaat, moet hulle die naweekuittekenboek invul en daarby teken. Dit is die plig van die leerder om self die tyd aan te teken wanneer hy weer terugkeer.
- As die leerder nalaat of afwyk van die inskrywingsprosedures in die uittekenboek, kan die koshuisvader, of enige persoon soos gespesifiseer 5.3 hierbo, geen verantwoordelikheid aanvaar vir sy aksies daarna of wat met hom mag gebeur nie.
- **As die leerder uitgaan na iemand anders as sy ouers, moet hy skriftelike toestemming daarvoor hê. Indien die leerder na 'n dagleerder gaan, moet laasgenoemde se ouers ook kennis gee dat hul van die reëling bewus is.**
- Leerders moet by hul terugkeer onmiddellik in die uittekenboek terug teken.
- Leerders wat oor naweke inbly moet die koshuisvader op hoogte hou van hul bewegings, selfs al kuier hulle net by 'n buurkoshuis. Seuns wat op 'n Saterdag uitgaan, moet betyds die nodige reëlins tref, en in groepe nie kleiner nie as drie persone beweeg. Inkomtyd is onderhandelbaar met die koshuisvader, maar amptelik moet daar nie later nie as 21:00 by die koshuisvader of diensdoenende personeellid aangemeld word. Georganiseerde koshuisgroepe wat op 'n Saterdag per bus êrens heen gaan, moet nie later nie as 24:00 in wees nie.

## 6. Besoeke en verlaat van die terrein

- Ouers mag te enige tyd hul seuns besoek. Hierdie reëling geld *slegs* vir ouers. Dit sal egter op prys gestel word indien ouers nie tydens studietye of maaltye besoek sal aflê nie.
- Geen inwoner mag die koshuisgronde sonder die toestemming van die koshuisvader verlaat vir enige ander rede behalwe sport of om McDonalds te besoek nie.
- Inwoners moet te alle tye skoene dra.
- Op Woensdag- en Vrydagmiddae mag inwoners die dorp besoek in skooluniform, maar hulle moet betyds terug wees vir aandete. Die dorp mag nie op enige ander dae sonder toestemming van die koshuisvader of die diensdoenende personeellid besoek word nie. Dit geld egter nie vir sport- of ander skoolverwante aktiwiteite nie.
- Vensters en luuke moet toegemaak word indien al die inwoners van 'n bepaalde kamer die koshuis verlaat.
- Geen besoekers mag die koshuis sonder verlof binnegaan nie.

## 7. Naweekverlof

- Wanneer 'n inwoner die naweek wil spandeer saam met mense wat nie sy ouers is nie, moet die koshuisvader geskrewe toestemming (Afdeling J van aansoekvorm) van sodanige mense ontvang teen die voorafgaande Woensdag.
- Inwoners moet voor 20:00 terugkeer. Teen 21:00 moet almal in die koshuis wees.
- Indien inwoners oor naweke voor 14:00 vertrek, dra hulle volle skooldrag. Na 14:00 mag inwoners vertrek in 'n sweetpakbaadjie en –broek of 'n sportbroekie (geen flodderbroeke nie) met sportskoene en sokkies. Terugkeer is in volle skool uniform.
- Geen leerder mag op 'n Vrydagaand uitslaap en dan die res van die naweek in die koshuis oorbly of ná Saterdag sport huis toe gaan nie. Vrydagaande word in alle opsigte as 'n gewone weeksaand beskou. Leerders kan nie bloot vir die plesier vir die aand uitgaan nie.
- Wanneer daar op 'n Vrydag of Saterdag georganiseerde sport is, mag niemand voor afhandeling van die sport huis toe gaan nie. Gedurende die wintermaande word daar van die seuns verwag om eers die o.19A-spanne te ondersteun voordat hulle vertrek. Indien seuns egter aan 'n skoolaktiwiteit, bv. hokkie, deelneem op 'n ander plek as waar die o.19A-span speel, hoef hulle nie spesiaal vir dié wedstryd na die koshuis terug te keer nie. Hulle kan dan reguit huis toe gaan.

## 8. Selfone

Selfone mag aangehou word mits die volgende voorwaardes streng nagekom word:

- Onmiddellike rapportering aan koshuisvader wanneer leerder in besit van 'n selfoon kom. Die nommer moet ook vir die koshuisvader gegee word.
- Dit mag slegs op koshuisgronde gebruik word, maar nie na die eetsaal gebring word nie.
- Selfone moet gedurende stilte- en studietye afgeskakel word. Ná 22:00 mag geen oproepe meer ontvang of gemaak mag word nie.
- Sien Afdeling H van die aansoekvorm in dié verband.



## 9. Studie

14:35 - 15:30

19:00 - 20:10

20:30 - 21:20

Studietye vir eksamens word aangekondig.

- Almal moet studietye bywoon. Toestemming om afwesig te wees mag slegs van die koshuisvader verkry word.
- Wanneer die klok vir die aanvang van studie lui, moet seuns reeds sit in die studiesaal of in hul kamers.
- Niemand mag rondloop tydens studie nie. Seuns moet verseker dat hulle alles wat nodig is by hulle het by die aanvang van studie. Toestemming om die toilet te besoek moet van die prefek of die diensdoenende personeellid verkry word.
- Tydens studietye heers daar absolute stilte. Die belangrikheid van effektiewe studie kan nie genoeg beklemtoon word nie, en regstellende stappe sal geneem word teen seuns wat 'n steurnis veroorsaak. Daar sal ook geen raserigheid geduld word voor of na studietye of tydens die studiepouse nie.
- Tydens studietye moet inwoners uitsluitlik met studie besig wees. Geen briewe mag geskryf word nie en geen boeke of tydskrifte mag gelees word sonder die toestemming van die koshuisvader of die diensdoenende personeellid nie.
- Seuns mag nie eet of kitskos laat aflewer tydens studietye nie.
- Geen elektroniese klanktoerusting mag tydens studietye gebruik word nie.
- Niemand mag 'n foonoproep tydens studietye ontvang nie. In geval van nood moet ouers die koshuisvader kontak.
- Die studiesaal moet netjies wees wanneer studie verby is.
- Toestemming om laat te studeer (23:00 en later) moet van die koshuisvader of die diensdoenende personeellid verkry word.

## 10. Wasgoed

Alle klere moet duidelik met die korrekte etikette gemerk wees:

Werda = W

Bellevue = BV

Imhoff = I

Monte Bello = MB

- Alle wasgoed moet na die waskamer geneem word in 'n wassak soos aangedui op die kennisgewingbord.
- Die bogenoemde reëlings mag van tyd tot tyd verander.

## 11. Siekte

- Indien inwoners soggens siek voel, moet hulle dit tussen die opstaanklok en ontbyt aan die koshuisvader gaan rapporteer. Siekte op ander tye van die dag moet te alle tye eers aan die koshuisvader en daarna aan die matrone gerapporteer word. Niemand mag somer net soggens bly lê nie.
- Wanneer 'n leerder siek rapporteer, sal 'n afspraak by 'n dokter gereël word, indien nodig.
- Leerders wat by die skool ongesteld raak, moet eers by die skoolhoof toestemming kry om koshuis toe te gaan en daarna by die koshuisvader. Dié hele proses geskied volgens die skool se uittekenbriefie. Daarna moet hulle by die senior matrone rapporteer.
- Siek kosgangers sal deur die matrone in die koshuis geplaas word, en etes sal daar aan hulle verskaf word.
- Die koshuis beskik slegs oor die mees algemene tipes medikasie (Panado, algemene spierverslappers, maagkoliek en Colclear). Ander middels wat voorgeskryf of benodig word, asook ander hulpmiddels soos krukke, moet deur ouers voorsien word.
- Indien inwoners 'n besering opdoen, moet die koshuisvader of matrone dadelik in kennis gestel word.

LW: Inwoners wat siek rapporteer, moet tot die volgende oggend in die bed bly. Elke probleem sal egter op meriete hanteer word. Verlof om op te staan moet by die koshuisvader of senior matrone verkry word.

## 12. Gebruik van die swembad

- Seuns mag die swembad gebruik SLEGS onder direkte toesig van 'n VOLWASSENE.
- Geen gevaarlike speletjies mag in die swembad gespeel word nie.

## 13. Algemeen

- Inwoners moet daarop let dat die koshuis soms deur toergroepe of tydens toernooie deur ander leerders gebruik word. Dit mag daartoe lei dat inwoners versoek mag word om hul kamer te ontruim. **Die skool aanvaar geen verantwoordelikheid vir verlore of beskadigde goedere indien sulke kamers dan nie ontruim word nie.**
- Die koshuisvader is beskikbaar op alle redelike tye. Indien hy nie beskikbaar is nie, mag inwoners die toesighouer of matrone kontak.
- Geen inwoner mag van kamer verskuif sonder toestemming van die koshuisvader nie.
- Geen sport word op Sondae toegelaat nie.
- Leerders moet die skool bywoon ooreenkomstig die regulasies van die WKOD.
- Geen balspeletjies mag in gange en kamers gespeel word nie.
- Bly weg uit leerders se slaapkamers indien hulle nie daar is nie.
- Geen besittings van enige leerder mag sonder verlof gebruik of verwyder word nie. Betoon die nodige respek vir ander se eiendom.

- Gedurende stiltetyd in die middag mag daar saggies gesels of na musiek geluister word, maar dit mag nie in die gang hoorbaar wees nie. Geen rondlopery word toegelaat nie.
- Stiltetyd in die oggend en die aand is uitsluitlik vir die hou van godsdiens. Sit doodstil op jou bed/stoel. Jy mag nie gesels of rondbeweeg of studeer nie. Kamerdeure moet oop wees. Niemand mag gedurende die oggend stiltetyd op sy bed lê nie - wel saans nadat die godsdiens afgehandel is.
- Daar mag nie nadat waarskuwingsklokke gelui het, nog gestort word nie.
- Geen besoeke aan badkamers tussen 22:00 en 23:00.
- Ouers moet te alle tye verlof verleen aan kosgangers voordat hulle saam met ander mense per voertuig reis of agter op 'n motorfiets ry.
- Skakel radio's en ligte af wanneer jy jou kamer verlaat. Onthou: elektriese krag wat vermors word, kos geld. Skakel ook die TV af wanneer julle die TV-kamer verlaat.
- Geen gekleurde hare, onnatuurlike haarstyle, enige vorm van 'body piercing', arm- en/of nekkettings of donkerbrille word toegelaat nie – dit sal summier gekonfiskeer word.
- Geen koshuiskoerante of -tydskrifte mag kamers toe geneem word nie.
- Fietse mag slegs met die verlof van die koshuisvader, nadat hy skriftelike toestemming vanaf die ouers ontvang het, aangehou word. Fietse mag ook nie aan ander koshuisleerders geleen word nie. Geen fietse word binne-in die koshuis toegelaat nie. Verkieslik mag slegs leerders wat aan geregistreerde fietsklubs behoort, fietse hê.
- Geen los elektriese drade mag op die kamervloer rondlê nie.
- Geen tasse of enige ander items mag in die voorportaal of gange gelaat word nie.
- Rook en die gebruik van alkoholiese drank of enige middel wat gewoontevormend of nadelig is vir die gesondheid, is verbode. Leerders mag ook geen van bogenoemde in hul besit hê nie.
- Geen seun mag, terwyl hy inwoon, 'n motor by die koshuis aanhou nie (nie eens gedurende die matriekeksamen nie). Onder spesiale omstandighede mag ouers 'n reëling met die skoolhoof aangaan. Sodanige voertuig se sleutels (en spaarsleutels) moet in die besit van die koshuisvader gelaat word, en mag slegs gebruik word tussen die leerder se woonhuis en die koshuis.
- Seuns wat op 'n Sondag op 'n daguitstappie saam met ander gaan, se ouers moet skriftelik verlof daarvoor gee.
- Leerders wat ekstra vakke elders neem of wat ekstra onderrig (in kernvakke) ontvang, se ouers moet skriftelik die nodige reëlings met die koshuisvader tref ten opsigte van die inrigting of onderrigpersoon, dag, tyd en datums.
- Kussings en matrasse, veral dié in die TV-kamer mag nie uit die lokale, waar hulle veronderstel is om gebruik te word, verwyder word nie.
- Geen troeteldiere mag in die koshuis aangehou word nie.
- Geen koshuisleerder mag gedurende die week of oor naweke enige partytjies bywoon nie. Spesiale reëlings mag net met die ouers se skriftelike verlof vir 'n Saterdagdaand getref word. Koshuisleerders wat gedurende die week matriekdanse van plaaslike skole bywoon, doen so slegs met die toestemming van die koshuisvader. Sulke leerders mag nie uitslaap nie en moet die volgende dag in die skool wees.
- Koshuispersoneel is nie beskikbaar om leerders rond te ry vir die verkryging van leerder- en/of bestuurderslisensies nie. Trouens, koshuisleerders moet genoemde lisensies gedurende vakansies by hul tuisdorpe bekom.
- Seuns mag nêrens saam met hul ouers of vriende gaan sonder die koshuisvader se verlof nie. Dit geld ook vir sportuitstappies soos rugby, tennis, sosiale gholf, ens.

- Klipgooiery, natgooiery, rowwe speletjies en bakleiery word verbied.
- Daar word van die leerders verwag om hul koshuisouers in hul woonstel te kom groet wanneer hulle met vakansie vertrek en ook weer by hul terugkeer.
- Geen leerder mag in besit wees van enige gevaarlike wapens (m.a.w. enigiets wat gebruik word om enigiemand anders opsetlik te beseer) nie. Dit sluit messe en vuurwerke in. Skiet van klappers word nie op die gronde toegelaat nie.
- Geen plakkate word op die mure geplak nie, hoogstens aan die binnekant van kaste.
- Geen verbale of fisiese aanranding word toegelaat nie.
- Geen pornografie word toegelaat nie.
- Lede van die teenoorgestelde geslag word nie in die kamers toegelaat nie. Slegs moeders en susters in die teenwoordigheid van hul moeders.
- Matriekleerders wat gedurende die eindeksamen in die koshuis inwoon, moet nog steeds die normale koshuisreëls gehoorsaam. Indien so 'n leerder hom aan enige vorm van wangedrag skuldig maak, sal uitsetting van die leerder summier plaasvind.
- Leerders in skooldrag moet te alle tye netjies wees, met netjies gekamde hare en skoon gepoetste skoene.
- Dit word van elke kosganger verwag om op akademiese gebied sy kant te bring. Indien 'n kosganger nie na wense vorder nie, en sy jaar moet herhaal, moet hy heransoek doen vir koshuistoelating.

# Dissiplinêre stelsel

## 1. Beginsels

- Hierdie stelsel is die uitvloeisel van werksessies en samespekings tussen personeel, leerders en die beheerliggaam.
- Elke situasie word op meriete hanteer.
- Toepassing van tug geskied nadat skuld bo alle twyfel vasgestel is.
- Tydelike uitsluiting is dadelik van krag en geld vir alle fasette van koshuisaktiwiteite.
- Die toepassing van die dissiplinêre stelsel word hanteer deur die senior huisvaders en die hoof.

## 2. Oortredings en optrede

		OORTREDING	OPTREDE
KATEGORIE A		Verslaap	Ernstige berisping en finale mondelinge waarskuwing
		Koerant kamer toe neem	
		Nie korrek geklee vir stilte/ete nie	
		Misbruik van radio soos uiteengesig in koshuisreëls	
		Laat vir ete/skoolLigte nie afskakel nie	
		Prente teen mure	

		OORTREDING	OPTREDE
KATEGORIE B	B1	Swak maniere in eetsaal	Inwoner kan kies: óf twee punte óf onmiddellike straf deur gemeenskapsdiens (skoonmaaktake, ens.)
	B2	Studiesaal nie opruim nie	
	B3	Balspele in koshuis	
	B4	Ongeoorloofde elektriese toebehore (bv. ketel en verwarmers) in kamer	
	B5	Misbruik van TV-kamer/meublement	
	B6	Verskuif meubels sonder verlof	
	B7	Herhaalde (3x) kategorie A-oortreding	

KATEGORIE C	OORTREDING		OPTREDE
	C1	Nalaat om diens te doen (graad 9's en prefekte)	Die koshuisvader hoef nie die skoolhoof in te lig nie, maar ondersoek self die saak en teken dit aan in die strafboek. 'n Bewese oortreding verdien 3 punte of gemeenskapsdiens volgens die keuse van die inwoner.
	C2	Wangedrag tydens studie- of stiltetyd	
	C3	Nie-handhawing van persoonlike higiëne/kamer/kaste, selfs na toepaslike begeleiding deur die koshuisvader en ander volwassenes.	
	C4	Rommerstrooiery	
	C5	Telefoon/selfone tydens studie, stiltetye en na ure	
	C6	Laat vir studie/eet, rondloop of enigiets anders doen tydens studie	
	C7	Nie siek rapporteer by koshuisvaders nie	
	C8	Nie uitteken vir laat ete nie	
	C9	Herhaalde (3x plus) kategorie B-oortredings	

KATEGORIE D	OORTREDING		OPTREDE
	D1	Afwesig van etes/studie sonder toestemming	Die koshuisvader hoef nie die skoolhoof in te lig nie, maar ondersoek self die saak en teken dit aan in die strafboek. 'n Bewese oortreding verdien 5 punte of gemeenskapsdiens volgens die keuse van die inwoner.
	D2	Soggens/deur die loop van die skooldag sonder toestemming in koshuis	
	D3	Disrespek teenoor seniors/onderwysers sonder dat daar provokasie was	
	D4	Afknoery en boeligedrag	
	D5	Onerlikheid en leuens	
	D6	Sonder skooldrag uit en/of terug na koshuis	
	D7	Sonder skooldrag/verkeerd geklee in dorp/buite grense	
	D8	Verkeerd uitteken/nie uitteken/afwesig sonder toestemming (skool/koshuis)	
	D9	Sonder toestemming saam met enigiemand anders as ouers reis	
D10	Herhaalde (3x plus) kategorie C-oortredings		

		OORTREDING	OPTREDE
KATEGORIE E	E1	Rook/in besit van sigarette	<p>Wie ook al hierdie optredes waarneem</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• (bv. toesighouer, leerder, lid van die publiek), rapporteer dit onmiddellik by die koshuisvader, wat sy eie ondersoek doen en dit dan aan die skoolhoof rapporteer. Die koshuisvader reël so gou moontlik 'n dissiplinêre vergadering.</li> <li>• By skuldigbevinding word die inwoner óf tydelik uit die koshuis geskors (periode vanaf 1 week tot 'n kwartaal) óf strafpunte (ten minste 10) wod opgelê.</li> </ul>
	E2	Sonder toestemming in besit van motor	
	E3	Teenoorgestelde geslag in koshuiskamers	
	E4	Wangedrag teenoor koshuispersoneel/ disrespekvolle optrede/weiering om self aan gesag te onderwerp.	
	E5	In besit van pornografie	
	E6	Herhaalde (3x plus) kategorie Doortredings	
		OORTREDING	OPTREDE
KATEGORIE F	F1	Die gebruik van / Die besit van / Onder die invloed wees / Handel in of met van enige gewoontevormende middels, insluitende alkohol en ander dwelms.	<p>Wie ook al hierdie optredes waarneem (bv. toesighouer, leerder, lid van die publiek), rapporteer dit onmiddellik by die koshuisvader, wat sy eie ondersoek doen en dit dan aan die skoolhoof rapporteer. Die koshuisvader sal so gou moontlik 'n dissiplinêre prosedure van enige aard reël (sien prosedure vir dissiplinêre vergaderings hieronder indien 'n vergadering die prosedure is waarop besluit word).</p> <p>Indien die vergadering (soos na verwys word in punt hierbo) nie onmiddellik kan plaasvind nie, sal die skoolhoof 'n vergadering met die koshuisvader en die vermeende oortreder reël om te besluit oor 'n voorproseduriële skorsing of nie (sien prosedures vir voorproseduriële skorsing). By skuldigbevinding moet die inwoner summier die koshuis verlaat.</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>•</li> </ul>
	F2	Diefstal, sowel as die hantering of aanwending van enige ander persoon se eiendom sonder sy/haar toestemming.	
	F3	Opsetlike saakbeskadiging en vandalisme (insluitende brandblussers en krane).	
	F4	In besit van gevaarlike wapens (m.a.w. wat hoofsaaklik of uitsluitlik aangewend kan word om ander ernstig te beseer).	
	F5	Aanranding (verbaal sowel as fisies) of die intensie om aan te rand.	
	F6	Enige aksie wat, na die mening van die Beheerliggaam, skandelik, onvanpas of onbehoorlik is.	
	F7	Seksuele wangedrag (die aanhits van ander leerders tot gedrag wat hulle ongelukkig of ongemaklik laat, enige seksuele wangedrag van ongevraagde aard, die maak van pornografie, insluitende die neem van pornografiese foto's, die ongevraagde vertoon van geslagsdele, of enige onaanvaarbare gedrag soos gestipuleer in die WKOD se "Stop misbruik"-dokument of enige ander toepaslike wet of regulasie).	
	F8	Herhaalde (3X+) Kategorie E-oortredings.	

### 3. Strafprosedure

- 3.1 Elke koshuisvader hou 'n **strafboek** by waarin oortredings per kwartaal aangeteken word. Die volgende stappe word geneem sodra die genoemde aantal debiete teen 'n leerder se naam aangeteken is:

PUNTE	STRAF
5 punte	Gemeenskapsdiens op 'n Vrydag vanaf 15:00-17:00. Die leerder mag daarna huis toe gaan. Koshuisvader administreer.
10 punte en meer	Naweek gehok (en gemeenskapsdiens).
20 punte	Naweek gehok, gemeenskapsdiens, en brief aan ouer. (Sien Addendum C).
30 punte en meer	Dissiplinêre vergadering.

- 3.2 **Dissiplinêre vergaderings** vind plaas in geval van kategorie E en F.

(a) Dissiplinêre komitee

HOEDANIGHEID	PERSOON
Inisieerder	Skoolhoof
Getuies	Almal direk by die ondersoek betrokke (HOOFSAAKLIK die koshuisvader)
Voorsitter	SBL-lid vir koshuise
Ander lede	Die hoofseun van die betrokke koshuis en alle ander koshuisvaders. Daar mag net nooit minder as drie lede wees nie.

(b) Prosedure

1. Voorsitter verwelkom en stel almal voor.
2. Die inisieerder oorhandig die geskrewe klag aan die voorsitter wat dit aan die leerder voorhou.
3. Die leerder word gevra of hy die klag verstaan.
4. Indien 'Nee': Voorsitter verduidelik met behulp van inisieerder.
5. Indien 'Ja': Die leerder word gevra om te pleit.
6. Indien skuldig: Voorsitter vra versagtend en verswarend, eers van leerder en sy verteenwoordigers, dan van inisieerder.
7. Voorsitter vra inisieerder vir 'n voorstel rakende 'n sanksie.
8. Inisieerder en leerder/vertteenwoordigers verlaat lokaal en dissiplinêre komitee debereer.
9. Indien gereed: Almal terug in lokaal en voorsitter gee sanksie deur.
10. Almal verdaag.
11. Indien pleit onskuldig: Inisieerder en leerder/vertteenwoordigers lei getuienis.
12. Kruisvrae van albei kante moet toegelaat word.
13. Indien klaar: Inisieerder en leerder/vertteenwoordigers verlaat lokaal. Dissiplinêre komitee debereer. Almal terug.
14. Indien onskuldig: Almal verdaag vreedzaam.
15. Indien skuldig: Voorsitter vra versagtend en verswarend, eers van leerder en sy verteenwoordigers, dan van insieerder.
16. Voorsitter vra inisieerder vir sy voorstel van 'n vonnis.
17. Inisieerder en leerder/vertteenwoordigers verlaat lokaal en dissiplinêre komitee debereer.
18. Indien gereed: Almal terug in lokaal en voorsitter gee sanksie deur.
19. Almal verdaag vreedzaam.



### 3.3 Positiewe punte

Positiewe punte kan negatiewe oortredings neutraliseer. Dit is en bly egter die leerder se verantwoordelikheid om onderwysers te nader en dit aan te teken. Leerders eis deurlopend aan die einde van elke kwartaal/per gebeurtenis by die persoon wie dit waargeneem het of die koshuisvader. Punte word bygevoeg onmiddellik/ weekliks/kwartaalliks en afgetrek van negatiewe punte.

	BESKRYWING	PUNTE	
K1	Inisiatief	Voorstelle en planne wat lei tot verbetering van stelsels: 5-10 punte, bygehou soos wat dit geskied. Ingevol deur die betrokke leerkrag.	
K2	Eerlikheid	Verskaf inligting om oortreders te identifiseer: 5-10 punte, deur die betrokke leerkrag bygehou soos wat dit geskied.	
K3	Leierskap	5-20 punte	RVL & Matriekraad (leerkragte besluit), boekstoorprefekte, eerstespankapteins, CSV-voorsitter
		15 punte	kapteins ander spanne, CSV-bestuur
		10 punte	Betrokke leerkrag ken punte toe. 'n Leerder kan nie meer as die voorgestelde punte kry nie, en nie minder as vyf nie. Bygehou aan die einde van 'n termyn.
K4	Akademiese prestasie	10 punte	Verbeter met meer as 5% en meer per vak na vorige rapport.
		10 – 20 punte	Op glyskaal soos volg: no. 1 (20 punte) tot no. 1 (10 punte). Kwartaalliks bygehou deur vakonderwyser/ registeronderwyser en vermeld by laaste saalbyeenkoms.
K5	Dienslewering	5 – 20 punte	Vrywillige dienste aangebied. Bygehou soos wat dit geskied en vermeld by saalbyeenkoms. Leerders kan nie meer as 20 punte verdien nie. Klein skoonmaaktakies verdien slegs 2 punte. 'n Registerklas wat klas skoonmaak, verdien nie punte daarvoor nie; dis deel van hul taak in die registerklas.
K6	Deelname aan sport/kultuur	10 – 20 punte	Einde van seisoen bygevoeg.
K7	Geen debietpunte	10 punte	Kwartaalliks aangepas.
K8	Ambassadeurskap	10 punte	Leerder lewer besondere optrede ten einde die skool/koshuis se naam uit te bou. Koshuisvader bepaal. Bygehou soos wat dit voorkom.

## ***Basiese Koshuisbenodigdhede***

---

- beddegoed** vir 'n enkelbed (760 mm)
- 2 paslakens
  - 1 duvet
  - 1 duvet-oortreksel
  - 1 kussing
  - 2 kussingslope
  - kombes vir die winter
- handdoeke**
- 2 badhanddoeke
  - 1 swemhanddoek
- klerehangers**
- vir skoolklere, baadjie en sweetpak
- slotte**
- 2 middelgrootte slotte
  - 2 stelle sleutels
  - 2 sleutelhouers
- toiletware**
- stortgel werk beste
  - toiletsakkie met hakie sodat dit kan hang (vir ventilasie)
- medisyne**
- Slegs indien 'n leerder spesifieke medikasie gebruik, en verder net die nodigste, bv. pleisters, Deep Heat, Panado's, ens. Daar is medisyne by die matrone beskikbaar.
- selfoon**
- laaier
  - tweepunt kragprop
- sambreel**
- eie, of beskikbaar vir aankoop in die BoisShoppe
- skoonmaak van skoene**
- skoenborsel
  - bruin skoenpolitoer
  - lappie vir poets terwyl skoene gedra word
- wasgoed**
- wasgoedsak
- LW:** dae vir inhandiging is Maandae en Woensdae. Alle klere moet gemerk wees met die leerder se naam en koshuis. Slegs leerders wat ver van die koshuise bly en nie naweke huis toe kan gaan nie se beddegoed sal gewas word.
- plastiekglasie teelepel**
- Die koshuise besit watermasjiene met koue water vir aanmakkoeldrank. Seuns mag hul eie pap soggens eetsaal toe neem.